



Wyse oordeel oor tugting

Teks vir die preek:

“Welgeluksalig is hy wat ag gee op die arme; die HERE red hom in die dag van onheil.”.

Psalm 41

RM Retief

© by skrywer - 2010
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 147:1, 2, 4
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 112:1, 2
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 41
7. Preek
8. Sing Psalm 42:1-3
9. Gebed
10. Sing Psalm 42:4-7
11. Kollekte
12. Sing Psalm 25:1, 7-10
13. Seën

Geliefde gemeente van onse Here Jesus Christus,

Hierdie psalm handel in besonder oor die stryd van die geloof en die hoop waaraan ons vashou. Beproeving, stryd en hoop.

Ons sal die Here se onderrig in hierdie lied nagaan deur op drie sake te let:

- i. Dawid se wyse oordeel oor tugtiging**
- ii. Dawid se ellende**
- iii. Dawid se vertrouwe**

In die eerste plek let ons op...

I. Dawid se wyse oordeel oor tugtiging

“Welgeluksalig is hy wat ag gee op die arme...”. Jy sal deur die Here geseënd wees as jy ag gee op die arme.

Die arme waarvan hier gepraat word, is iemand wat swaar beproef word. Dit gaan nie hier in die eerste plek oor iemand wat in geldelike nood is nie. Die Hebreeuse woord wat hier met “arme” vertaal is, beteken: ellendige, verdruchte, verbryselde. Die woord “arme” in ons teks verwys na almal wat in nood verkeer, elkeen wat swaar beproef word.

In die konteks van hierdie psalm, is Dawid die arme, die ellendige. Hy is die geteisterde. Dawid het ’n sielestryd waardeur hy so aangetas is dat hy bedroef op sy bed lê en ween.

En nou word daar ’n seën uitgespreek oor diegene wat met wysheid oordeel oor die ellendige en verbryselde.

In ons vertaling staan: “Welgeluksalig is hy wat ag gee op die arme...”. Die Hebreeuse woord wat hier vertaal is met “ag gee” sou ons eerder kon vertaal: om met wysheid, of met insig, te oordeel. Salig is hy wat wys oordeel oor die verdruchte. Salig is hy wat insig het in die beproewings van die Here en wat daarom ook wys oordeel oor die wat beproef word.

Dit is die betekenis van vers 2. En dit sal nou in die res van hierdie psalm duidelik uiteengesit word.

Die beproewing en die ellende waarin die verdrukke verkeer, is nie 'n bewys van God se verwerping nie.

In hierdie psalm wys Dawid ons hoe wreed sy vyande is in hulle oordeel oor hom. Hulle beskou Dawid as 'n verworpene, ómdat hy in ellende verkeer. Hulle beskou sy ellende as 'n bewys daarvan dat hy deur die Here verlaat is.

En teenoor hulle valse en wrede oordeel, stel hy die wysheid van gesonde en barmhartige oordeel oor diegene wat in nood verkeer.

As ons dus die Hebreeuse teks, en ook die gedagtetrant van die hele psalm, in ag neem, dan moet ons vers 2 soos volg lees: Welgeluksalig is hy wat wys oordeel oor die ellendige, want die Here sal hom, dit is: die ellendige, red in die dag van onheil. En dan sluit vers 3 daarby aan: Die Here sal die ellendige bewaar en hom in die lewe hou; die ellendige sal gelukkig gemaak word op die aarde. Ja, U kan die ellendige nie oorgee aan die begeerte van sy vyande nie.

Hoe bevrydend en vertroostend is dit vir die gelowige om te hoor dat die ellende waarin hy verkeer geen bewys is van sy verwerping nie, maar dat die Here self ons in ons nood sal beskerm en bewaar. Hoe anders is dit as wat die wêreld oordeel!

Dawid verkeer in 'n sielestryd onder die wrede oordeel van goddelose manne. Terwyl hy swaar beproef word en in ellende verkeer, reken baie dat hy nou in 'n bodemlose put geval het en nie weer sal opstaan nie.

Dawid verkeer in dieselfde situasie as waarin Job hom bevind het. Selfs sy vriende reken dat hy swaar moes gesondig het en dat die Here hom nou genadeloos vir sy sonde straf.

Toe Job in groot ellende verkeer het, het sy vriende gereken dat hy een van die grootste sondaars op aarde moet wees, toe hulle sien hoe hard God hom behandel. So lank dit goed gaan met 'n man, word hy beskou as 'n gunsteling van die gode, maar gaan dit sleg met hom, word hy as 'n vervloekte gereken.

Maar dit is nie net Job se vriende wat so 'n verkeerde oordeel gevel het nie. Dit is 'n baie algemene fout wat mense deur al die eeue maak. Dit het vandag veral algemeen geword met die opkoms van die voorspoedsteologie. Baie reken dat dit met 'n gelowige net goed gaan – en as dit sleg gaan, dan het jy gesondig, of dan is daar iets fout met jou geloof. As dit baie sleg gaan met jou, word jy selfs gereken as 'n ongelowige!

Die rykes word geprys, terwyl die armes en ellendiges verag word. Daar word dan dwaaslik gereken dat die verdrukking waarin die ellendiges verkeer, God se regverdige straf is wat hulle tref, òf: dat hulle deur die Here verlaat is.

Maar die Skrif leer ons helder en duidelik, dat die Here om verskeie redes die gelowige met allerhande beproewings besoek. Soms om ons geduld en lydsaamheid te leer. Soms om die sondige begeertes van ons vlees te onderwerp en ons te reinig. Soms om ons nederig te maak. Soms om van die gelowige 'n voorbeeld te maak as vermaning, of as aansporing vir ander sodat die genade van die Here groot gemaak kan word, soos in die geval van Job. Soms word ons beproef om so ons verlange op te wek na die hemelse rykdom wat vir ons weggebêre is. En: om baie ander redes.

Stryd en beproewing, moeite en verdriet is deel van die Christelike geloof.

En tog gebeur dit so maklik dat ons oorhaastig en vermetel oordeel oor 'n broer of suster wat ly onder allerlei beproewings.

Om nou só 'n óórhaastige en onbeteulde gees in bedwang te hou, sê Dawid: dat die man geseënd is wat sy naaste nie willekeurig en hard oordeel nie, maar wat met wysheid die beproewings reg onderskei.

Wat nie soos Job se vriende die regverdige man veroordeel wanneer hy in ellende verkeer nie.

Toe Dawid byna oorweldig is deur die boosaardige en wrede oordele wat mense oor hom gevel het, het hy homself innerlik versterk met hierdie troos dat God hom te midde van sy ellende sal bewaar en weer sal oprig. Met hierdie troos, dat die Here hom sal red in die dag van onheil en hom sal bewaar en herstel, met hierdie hoop het hy homself gewapen, sodat hy nie in wanhoop weggesink het toe die beproewing oor hom kom nie.

Wanneer die Satan probeer om die fondament van ons geloof te vernietig, deur die onbesonne en vermetel oordele van mense, laat ons dan leer om ons toevlug te neem tot die onderrig van hierdie psalm, sodat ons nie in wanhoop versink nie.

Ja, salig is hy wat wys oordeel oor die ellendige, wat insig het in die tugtiging van die Here.

Want die Here sal die ellendige bewaar en hom in die lewe hou; die ellendige sal gelukkig gemaak word op die aarde. Ja, U kan die ellendige nie oorgee aan die begeerte van sy vyande nie – vers 3.

So spoor Dawid ons aan om nie 'n haastige oordeel te vel nie, maar om begrip te toon en aan die ellendige goed te doen. Want al tugtig die Here sy kinders 'n tyd lank, sal Hy hulle ook weer genadig wees, sodat hy wat nou in ellende verkeer, op die ou end gelukkig en geseënd sal wees op die aarde!

Hy onderrig ons, sodat ook óns in die dag van onheil vas op die Here se verlossing sal vertrou.

Hy onderrig ons verder in hierdie troos en sê: Die Here sal die ellendige ondersteun op die siekbed; sy hele slaapplek verander U as hy krank is – vers 4.

Die Hebreeuse woord wat hier met “siekbed” vertaal is, kan ons letterlik vertaal met “bed van droefheid”.

As Dawid praat van die bed van droefheid, moet ons nie dink dat hy noodwendig siek was nie. Dit is baie algemeen dat iemand wat geestelik gekwel word en diep bedroef is, homself op die bed neerwerp. Ons word dikwels meer uitgemergel deur droefheid as deur siekte.

Ons weet dus nie watter ramp of teëspoed Dawid getref het dat hy in so 'n staat van droefheid verkeer het nie. Maar hy vertrou vas daarop dat die Here hom ook weer sal oprig van die bed waarop hy lê en treur, dat die Here sy slaapplek waar hy siek van droefheid was, weer sal verander.

Ons het reeds na Job verwys. Job was regverdig en het vroom gelewe. Die ellende wat oor hom gekom het, was nie die gevolg van een of ander spesifieke sonde wat hy gedoen het nie. In hierdie psalm blyk dit egter dat Dawid, wat ook regverdig en vroom geleef het, nou wél 'n spesifieke sonde begaan het, en dat die Here besig is om hom te tugtig.

Anders as wat sy vyande dink, is die tugtiging egter nie 'n bewys daarvan dat hy deur die Here verlaát is nie. En gedagtig aan sy vyande se valse en harde oordeel, wend hy hom tot die Here in gebed.

“Ek het gesê: o HERE, wees my genadig! Genees my, want ek het teen U gesondig” – vers 5.

Dawid probeer nie om homself te troos deur sy sonde te ontken nie. Hy probeer ook nie sy sonde regverdig nie. Dit sou 'n ydele troos wees.

Wanneer die gelowige deur die Here besoek word met tugtiging, en so deur die Here gewaarsku word, dan erken die gelowige sy sonde, en onderwerp hy hom met 'n stille gees aan die tug van die Here en die vermaning van sy broeders, hy spring hulle selfs voor met 'n vrywillige belydenis van sy skuld.

Hy soek nie sy redding in die ontkenning van sy sonde nie, maar in die genade van God.

Hy vra ook nie in die eerste plek dat die Here sy omstandighede sal verbeter en die beproewing sal wegneem nie – dit doen hy later in hierdie psalm, maar hy vra eerstens om weer met God versoen te word deur die vergewing van sy sonde.

Van nature soek ons uitkoms van ons uiterlike omstandighede, maar ons vergeet so maklik dat ons eie sonde dikwels die oorsaak van ons ellende is.

Dawid begin by die oorsaak van sy ellende en vra vir genade, dit is: vir die vergewing van sy sonde.

“...want ek het teen U gesondig” – vers 5.

Hy erken dat die Here hom met reg tugtig. En hy weet dat hy net met God versoen kan word deur die vergewing van sy sondes.

Die ellende wat God se kinders tref is in sekere gevalle wél die gevolg van eie sonde, maar selfs dan is die ellende waarin hulle verkeer geen bewys van God se verwerping nie. Inteendeel, die Here tugtig juis die wat Hy liefhet. En met hierdie gedagte wapen Dawid homself teen die wrede oordeel van goddelose mense wat reken dat daar vir hom geen hoop is nie.

Ons let daarop in die tweede plek...

II. Dawid se ellende

“My vyande spreek kwaad van my en sê: Wanneer sal hy sterwe en sy naam vergaan?” – vers 6.

Sy vyande kan nie wag dat hy moet sterwe nie. Hulle verlang daarna dat hy met skande oordek word en sy naam heeltemal uitgewis word. Hulle maak daar geen geheim van nie.

Dawid word ook deur 'n ander tipe vyand aangeval: vyande wat hulleself as sy vriende voordoen; mense wat kom om hom in sy ellende te besoek.

Hy sê, vers 7, “En as iemand kom om my te sien, dan praat hy leuens; sy hart vergader boosheid vir hom; gaan hy uit na buite, dan spreek hy daarvan”.

Dit is nou die mense wat kom om hul simpatie te betuig, maar hul mooi woorde is leuens, omdat hulle in hul hart onheil teen hom bedink. Sodra hulle die kamer verlaat waarin hy lê, begin hulle om hul bose planne teen hom bekend te maak.

Hierdie vyande is selfs nog gevaarliker as die eerstes, want onder die dekmantel van vriendskap en mooi woorde voer hulle hul planne heimlik uit.

“Al my haters tesame fluister onder mekaar teen my; teen my bedink hulle my onheil en sê: Iets skandelijks is op hom uitgestort; en nou dat hy lê, sal hy nie weer opstaan nie” – verse 8 en 9.

Die wat openlik sy vyande is en die wat dit in die geheim is, noem hy almal saam sy haters. Almal van hulle hou saam raad hoe hulle hom in die verderf kan stort. Hulle fluister hulle planne onder mekaar.

Hulle oordeel oor hom is al klaar gevel. Hulle sê: “Iets skandelijks is op hom uitgestort; en nou dat hy lê, sal hy nie weer opstaan nie”.

Die woorde wat hier vertaal is met: “Iets skandelijks is op hom uitgestort”, is letterlik in die Hebreeus: “'n Daad van Bilial kleef hom aan...”, of: “'n daad van Bilial hou hom gevange”.

Die naam Bilial kom 26 keer in die OT voor. Op baie plekke waar ons in die OT lees van deugniete, of van iets wat sleg en skandelik is, staan daar letterlik in die Hebreeus: “seuns van Bilial”, of: “’n daad van Bilial”. Ek wil enkele voorbeelde noem:

In Deut.13:13 staan daar: “Deugniete het by jou opgetree...”, in die Hebreeus staan daar letterlik: “Seuns van Bilial het by jou opgetree...”

Deut.15:9 sê: “Neem jou in ag, dat daar in jou hart geen slegte gedagte is nie...”; in die Hebreeus staan daar letterlik: “dat daar nie in jou hart ’n ding van Bilial is nie”.

Waar Hanna in die tempel bid en Eli haar bestraf omdat hy dink dat sy dronk is, verdedig sy haarself en sê: “Hou tog nie u dienares vir ’n deugniet nie...”. Letterlik staan daar in die Hebreeus: “Hou tog nie u dienares vir ’n dogter van Bilial nie...” – 1Sam.1:16.

En so is daar talle voorbeelde. Die hele OT gebruik die naam Bilial vir iets wat sleg en boos is. Ons weet nie wie hierdie man met die naam Bilial was nie, maar duidelik het hy vir die hele nageslag ’n slegte naam agtergelaat, só sleg dat hy in die Skrif verbind word aan alles wat boos en verkeerd is.

En so ook hier in Ps.41.

Letterlik staan hier in vers 9: “’n daad van Bilial hou hom gevange”. Dit wil sê: ’n skandelige daad kleef hom aan. Dit wil sê: Hy het gruwelik gesondig. Hy is gevang in sy sonde.

En met hierdie oordeel wat Dawid se vyande oor hom vel, voel hulle heeltemal geregtig in hul sameswering teen hom. Hulle beskou Dawid as ’n bose man wat ’n duisend dode verdien.

Hulle onbeskaamdheid en arrogansie teen hom spruit voort uit hierdie valse oordeel wat hulle oor hom gevorm het – die valse oordeel oor die ellendige waarteen Dawid aan die begin van hierdie psalm waarsku.

Hulle reken dat God self teen Dawid gedraai het en dat sy ellende die bewys daarvan is – ’n ellende waaruit hy nooit weer sal opstaan nie: nou dat hy lê, sal hy nie weer opstaan nie – vers 9.

In hulle oordeel oor hom sluit hulle enige hoop op verlossing en herstel heeltemal uit. Dit is ’n harde en wrede oordeel wat hulle oor hom vel.

Hierdie oordeel van sy vyande en van mense wat veronderstel was om sy vriende te wees, moes sekerlik vir Dawid 'n groot beproewing wees. Hy het gesondig en hy bely sy sonde. Hy aanvaar die tug van die Here as goed en regverdig en hy bid om genade. Maar in hierdie bedroefde toestand kry hy geen ondersteuning van sy vriende nie.

“Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, wat my brood eet, het die hakskeen teen my opgelig” – vers 10. Dit wil sê: selfs my intiemste vriend, op wie ek vertrou het, het teen my opgestaan.

Dit moes inderdaad 'n swaar beproewing wees, soos dit ook vir Job was, toe selfs sy vriende gereken het dat God sy vyand geword het, en dat die harde kastyding 'n bewys is van God se verwerping.

Ons Here, Jesus Christus, haal hierdie vers aan in Jh.13:18 waar Hy sê: “...dat die Skrif vervul kan word: Hy wat saam met my brood eet, het die hakskeen teen My opgelig”.

Christus sê dat hierdie psalm sy vervulling vind in die gebeure toe Judas, wat saam met Christus die nagmaal vier en die brood uit sy hand neem, daarvandaan uitgaan om saam met die Joodse leiers 'n komplot teen Christus te smee.

Hoewel Dawid van homself praat in hierdie psalm, skryf hy dit nie as 'n gewone individu nie. Hy skryf hierdie psalm as profeet en ook as gesalfde van die Here, as koning van Israel, en daarin was hy tipe van die Christus wat sou kom, dié Gesalfde van Israel.

Christus was in die taal van psalm 41 'n ellendige. “Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie” – Jes.53:3. “...maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was” – Jes.53:4b. Ons het gereken dat Christus se slae en verdrukking bewys is daarvan dat God teen Hom is – die valse oordeel oor die swaar beproefde waarvan hierdie psalm praat.

U sien dus hoe hierdie hele psalm ook Mesiaans is, hoe dit ook heenwys na Christus.

Die psalm vind sy eerste vervulling in die lewe van Dawid self, maar uiteindelik ook in dié Gesalfde, dié Koning van Israel, Jesus Christus, én ook in die lewe van elke Christen wat deel in die lydsaamheid van Christus.

Ook ons het nodig om onself te bewapen met hierdie gedagte, dat selfs wanneer ons getrouste vriend ons verlaat en ons in die diepste ellende verkeer, en die hele wêreld teen

ons gekant is en God se oordeel oor ons afdig, die Here ons sal red in die dag van onheil. Hy sal ons bewaar en ons in die lewe hou. Hy sal ons gelukkig maak op die aarde – al sou dit eers op die nuwe aarde wees! Hy sal ons nie oorgee aan die begeerte van ons vyande nie (vers 2 en 3).

En daarom rig Dawid sy gebed tot die Here, om hom genadig te wees, om sy sonde te vergewe en hom weer te herstel. Hy versterk homself met die wete dat al die ellende en beproewing en ook die teenkating van vriend en vyand geen bewys daarvan is dat ons deur God verlaat is nie, maar dat ons te midde van watter teistering ook al steeds ons hoop moet stel op die Here en op sy verlossing.

Die Satan self wil ons geloof vernietig en daarvoor gebruik hy vriend en vyand om ons tot wanhoop te bring, maar die Here laat die beproewing toe met 'n ander doel, dat ons sal leer om nie na ons omstandighede te kyk nie, maar dat ons ons vertrouwe sal stel op sy belofte.

Daarop let ons in die derde plek ...

III. Dawid se vertrouwe

“Maar U, o HERE, wees my genadig en rig my op...”– vers 11. Gedagtig aan die valse en wrede oordeel van sy vyande, wend hy hom tot die Here. Hoe meer die vyand sy geloof aanval, hoe meer rig hy hom op die genade van God alleen.

Maar dan volg daar aan die einde van vers 11 die woorde: “...dat ek hulle dit kan vergelde!”

Ons moet nie dink dat Dawid wraakgierig was of homself wou wreek nie. Dit sou glad nie pas by iemand wat self gesondig het en om genade smeek nie. Nee, Dawid tree op as die gesalfde van die Here. Hy oefen die taak uit wat die Here aan hom opgedra het, om as koning van Israel die goddelose onder die volk uit te roei. In sy amp as koning en regter oor die volk, vergeld hy die kwaaddoeners hul dade.

Ten diepste is dit dan nie sy eie wraak nie, maar die wraak van die Here wat hy oor hulle uitoefen, in opdrag van die Here. Ons kan dus nie hierdie vers gebruik om die wraakgedagtes van ons eie hart te regverdig nie.

As Dawid praat oor die vergelding van sy vyande, dan sien ons hom ook hierin as tipe van Christus, wat sy vyande onder sy voete sal verbrysel, en in sy amp as Regter die wraak van sy Vader sal uitoefen.

En nou gaan Dawid oor tot danksegging. In vers 12 begin hy om die Here te loof vir die verlossing waarvoor hy so pas gebid het. Hy glo vas dat die Here hom sal red van sy vyande, en sê: “Hieraan weet ek dat U ’n welbehae in my het: dat my vyand oor my nie juig nie” – vers 12.

Die Here hét ’n welbehae in Dawid gehad en hom as koning verkies; en wanneer die Here hom nou van sy vyande verlos, sal dit vir hom net ’n verdere bevestiging wees van die welbehae en vrye guns wat hy geniet.

Hy spreek sy vertroue in die Here ook verder uit in vers 13 en sê: “My tog, in my opregtheid ondersteun U my en stel my voor u aangesig tot in ewigheid”. As hy praat van sy opregtheid, is dit nie asof hy hom beroem op sy onskuld nie. Hy bely juis sy skuld in hierdie psalm. Die ellende waarin hy homself gestort het, het aanleiding gegee tot die beskimping en bespotting van sy vyande.

Sy opregtheid waarna hy verwys, is eerder dat hy te midde van die konflik, waarin die Satan probeer om sy geloof te laat wankel, hy nie die vrees van die Here laat vaar het nie. Terwyl hy beledig en gepynig is deur die oordeel van goddelose mense, ja, selfs van sy vriende, het hy nie die pad van opregtheid verlaat nie. En hierdie opregtheid skryf hy dan nie toe aan sy eie goedheid nie, maar aan die Here wat hom op die pad van opregtheid ondersteun.

Ook vir die toekoms is sy vertroue op die Here: U stel my voor u aangesig tot in ewigheid. U stel my voor u aangesig beteken: U skenk my die ware lewe en vreugde in gemeenskap met U – tot in ewigheid.

Wanneer dit lyk asof die Here sy volk vergeet het, dan word gesê dat Hy sy aangesig verberg. Die teenoorgestelde daarvan is dat die Here jou voortdurend voor sy aangesig stel, dat jy sy volle guns en vrede geniet.

Dit is Dawid se vaste hoop en daarom sluit hy met lof en aanbidding: “Geloofd sy die HERE, die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid! Amen, ja amen.

Hy noem die Here die God van Israel, dit is: die God wat met Israel 'n verbond gesluit het. Dit is ook op hierdie genadeverbond wat hy hom beroep, dat God ook vir hom 'n God sal wees in sy nood. Hy sal getrou bly aan sy verbond en redding skenk aan almal wat Hom vrees.

Aan Hom kom al die lof toe tot in ewigheid. En met 'n dubbele "amen", met 'n dubbele versekerdheid eindig hy sy gebed, in vaste vertrou op die Here se beloftes.

Die ellende waarin hy nou verkeer sal hom sekerlik nie gevange hou nie, en sy geloof sal nie wankel nie, want die Here se verlossing is seker. Selfs al word sy droefheid tien keer vererger deur die haat van sy vyande en die verraad van sy vriende, en al word dit aan hom gestel dat hy nooit weer sal opstaan nie, dat die Here self sy vyand geword het, dan bewapen hy homself met die wete dat dít die valse oordeel van mense is, wat die tugtiging van die Here nie ken of verstaan nie. Maar hy sal bly vertrou op die God van Israel, die God wat getrou bly aan sy beloftes.

Ten slotte

Ons is geroep om Christus na te volg, ook in sy lydsaamheid. Hy was die ellendige wat deur die mense verag is. Maar Hy is ook weer deur God herstel en verhoog bo die hoogste hemele. As ons dan saam met Hom verheerlik wil word, moet ons ook in sy lydsaamheid onderrig word.

Laat ons onself nie verbeel dat die geloof sonder stryd en verdriet is nie. Die Here tugtig elkeen wat Hy liefhet. En dikwels gaan ons deur beproewings om ons te louter. Maar watter ellende ons ook al tref, mag ons dít weet, dat die beproewings nooit 'n teken is van God se verwerping nie.

Veel eerder mag ons weet dat Hy ons in die dag van onheil sal red en bewaar. Hoe gróót ons nood nou mag wees, Hy sal ons druk in vreugde verander, selfs al sou dit eers op die nuwe aarde geskied.

Dit gebeur ook nou reeds in hierdie lewe, dat Hy ons telkens uitredding skenk.

Laat ons dan nie daarop roem dat ons lewe voorspoedig en sonder teëspoed is nie, en 'n harde oordeel vel oor die ellendiges en verbryseldes nie, maar weet dat die Here die ellendiges onder sy volk genade sal gee.

Laat ons roem in die God van Israel wat getrou bly aan sy beloftes, wat sy liefde en trou juis aan ons openbaar wanneer ons in die grootste nood verkeer.

Laat ons dan, wanneer ons deur swaar beproewing gaan, in die geloof saam met Dawid sê: die Naam van die Here sy geloofd. Geloofd sy die God van Israel, van ewigheid tot in ewigheid.

Amen.